Mediavrystelling

Suid-Afrika, 26 November 2013 – Naspers Beperk (JSE: NPN) het vandag sy resultate vir die ses maande tot 30 September 2013 aangekondig.

VERSNELDE INVESTERING IN GROEI

Naspers voorsitter Ton Vosloo het vandag ‘n styging van 28% in gekonsolideerde omset tot R28,8mjd vir die ses maande tot 30 September aangekondig. Dié groei kom grotendeels van buitelandse internetondernemings, terwyl die verswakkende rand dit ’n verdere hupstoot gegee het. Kernwesensverdienste, wat deur die direksie as ’n aanduiding van volhoubare verdienste beskou word, is 16% hoër as die vorige jaar – R12,48 per aandeel (altesaam R4,9mjd). Dít ondanks ’n besteding van R3mjd aan die ontwikkeling van toekomstige groeigeleenthede, wat deur die inkomstestaat vloei en as ontwikkelingsbesteding bekend staan. Positiewe vrye kontantvloei het R787m bedra.

“Die samestelling van Naspers het oor die afgelope tyd aansienlik verander. Buitelandse omset is nou groter as dít uit Suid Afrika, terwyl internet betaaltelevisie as hoofbesigheid verbygesteek het,” het Naspers se uitvoerende hoof Koos Bekker gesê. “Ons verskerp ons fokus op die ontwikkeling van e-handelsplatforms, veral aanlyn geklassifiseerde advertensies, en is besig om digitale terrestriële televisie (DTT) in meer stede regoor Wes en Oos Afrika te ontplooi.”

E-handelsomset het feitlik verdubbel tot R7,9mjd. Voortgesette investering in bemarking, mense en produkte het gelei tot ’n totale handelsverlies van R1,8mjd vir die bedryfsegment. Die geklassifiseerde advertensie-ondernemings in die meeste markte, veral Brasilië en Indië, het hul leiersposisie versterk. Die e-kleinhandelsegment het lewendige omsetgroei gelewer, terwyl kategorieë verbreed en vervullings- en leweringsvermoë verbeter is. Blitsmodeverkope het egter agtergebly en sekere beleggings is afgeskryf.

Betaaltelevisie-ondernemings het omsetgroei van 18% tot R17,1mjd behaal. Die intekenaarbasis het met 560 000 gestyg tot altesaam 7,3m huishoudings in 48 lande regoor Afrika. As gevolg van die uitbreiding van DTT-dienste, asook die koste van nuwe kanale en dienste, het handelswins teen ’n stadiger tempo gegroei – met 11% tot R4,5mjd.

Die drukmedia-segment wêreldwyd het strawwer omstandighede beleef. Media24 het omset- en winsgroei aangeteken en sit sy herposisionering voort deur meer digitale inisiatiewe te loods. Die belegging in Abril is verder afgeskryf.

Naspers se aandeel in die kernverdienste van geassosieerde maatskappye – waaronder Tencent in China en Mail.ru-groep in Rusland – het met 47% tot R4,5mjd gestyg.

“Die pas van investering in nuwe groeigeleenthede sal in die tweede helfte van die huidige boekjaar versnel. Ons verwag dat ontwikkelingsbesteding ongeveer R7,0mjd sal beloop vir die volle boekjaar tot Maart 2014, teenoor R4,3mjd verlede jaar,” het Naspers se se finansiële direkteur, Steve Pacak gesê. Hy voeg by: “Aangesien hierdie belegging hoofsaaklik in die inkomstestaat erken word, sal dit ’n demper plaas op beide verdienste en kontantvloei vir die jaar. Ons verwag egter dat hierdie groeigeleenthede oor die lang termyn beduidende waarde vir aandeelhouers sal skep.”

Vir meer inligting, kontak:

Meloy Horn, Hoof van Beleggersverhoudinge
Tel: +27 11 289 3320
+27 11 289 4446
Selfoon: +27 82 772 7123

Steve Pacak, Finansiële Direkteur
Tel: +27 21 406 3585
+27 21 406 2480
Selfoon: +27 83 250 0006

Die volledige resultate is op Naspers se webwerf beskikbaar by http://www.naspers.com

BELANGRIKE INLIGTING

Hierdie mediavrystelling bevat vooruitskouende verklarings soos omskryf in die Verenigde State se “Private Securities Litigation Reform Act” van 1995. Woorde soos “glo”, “verwag”, “voorneem”, “beoog”, “wil”, “beplan”, “mag”, “streef” en soortgelyke uitdrukkings word gebruik om sulke vooruitskouings te identifiseer, maar is nie die enigste manier om sulke uitdrukkings uit te ken nie. Hoewel hierdie vooruitskouende verklarings ons standpunt en toekomsverwagtings verteenwoordig, kan verskeie risiko’s, onsekerhede en ander belangrike faktore meebring dat werklike ontwikkelinge en resultate wesenlik van ons verwagtings verskil. Dit sluit baie faktore in wat ons ondernemings en finansiële prestasie negatief kan beïnvloed. Ons is geensins onder verpligting (en ontken uitdruklik enige sodanige verpligting) om ons vooruitskouende verklarings – hetsy as gevolg van nuwe inligting, toekomstige gebeure of andersins – by te werk of te wysig nie. Beleggers word gemaan om nie te veel staat te maak op enige vooruitskouende verklarings wat hierin vervat is nie.